# TERUGBETALING TER WAARDE VAN R3.5 MILJART REEDS UITBETAAL: BELASTINGPLIGTIGES WORD AANGEMOEDIG OM OPGAWES AANLYN IN TE DIEN OM TOUSTAAN TE VERMY

**Pretoria, 22 Julie 2019** - SARS het reeds R3.5 miljart in terugbetalings uitbetaal gedurende Belastingseisoen 2019 aan eFilers en gebruikers van die SARS MobiApp, vanaf 1 Julie tot op datum. Gedurende die eerste week van Julie is R1.5 miljart in terugbetalings geldig verklaar en vrygestel.

Met twee weke oor tot indiening by takke open, word belastingpligtiges aangemoedig om toustaan te vermy deur hulle opgawes op die SARS MobiApp of deur eFiling in te dien - hulle eise sal spoedig aandag geniet en opgelos word, indien dit nie vir oudit uitgewys word nie. Selfs na die opening van Belastingseisoen 2019 by takke op 1 Augustus, moedig SARS belastingpligtiges aan om die MobiApp en eFiling te gebruik vir vinniger en meer effektiewe dienslewering.

Belastingseisoen het vroeër geopen vir gebruikers van eFiling en die MobiApp wat 'n vinniger en geriefliker ervaring moontlik maak sonder om by 'n tak te hoef toustaan, en met digitale ondersteuning en dienste soos Help-You-eFile wat die belastingpligtige met 'n SARS-agent in verbinding plaas vir verdere leiding op eFiling, die terugskakel-funksionaliteit op MobiApp en ons Chatbot wat regte-tyd antwoorde op inkomstebelastingvrae verskaf.

Wanneer 'n belastingopgawe aangeslaan is en 'n terugbetaling is verskuldig, sal dit 'n gemiddeld van sewe dae neem om uit te betaal, mits daar geen skuld is nie, alle verpligtinge is nagekom en geen verifiëring of oudit word vereis nie.

Om vertragings te vermy, word belastingpligtiges aangemoedig om te reageer op versoeke om stawende dokumente en bevestiging van bankbesonderhede.  Hierdie is geldigverklarings wat SARS moet nakom.

Belastingpligtiges word ook versoek om seker te maak dat derde-party data van hulle diensverskaffers korrek is en waar sodanige inligting foutief is, dit met die diensverskaffer aan te spreek vir herindiening.

Belastingpligtiges kan na die SARS-dienshandves verwys vir diensomkeertye.